

Sonnerad

NUUSBRIEF VAN DIE SA VERENIGING VIR KULTUURGESKIEDENIS
NEWSLETTER OF THE SA SOCIETY FOR CULTURAL HISTORY

JG 36, NR 1
VOL 36, NO 1

Maart 2019
March 2019

Geagte lede

Die jaar is nou al vol stoom aan die gang. Dit belooft om 'n opwindende jaar te wees met die nasionale verkiesing wat voorlê. Die besigheidsman Victor Pinchuk het gesê: "Art, freedom and creativity will change society faster than politics".

Julle is welkom om deur die jaar vir my relevante berigte vir plasing te stuur. Dankie aan almal wat tot hierdie maand se interessante nuusbrieff bygedra het.

Groete
Petra Luus
Redakteur
petra@es.org.za

Dear members

The year is already in full swing. It is going to be an interesting year with the upcoming national elections. Businessman Victor Pinchuk once said: "Art, freedom and creativity will change society faster than politics".

You are welcome to send me any relevant articles for publication throughout the year. Thank you to everyone that made a contribution to this month's interesting newsletter.

Regards
Petra Luus
Editor
petra@es.org.za

NUUS UIT DIE RAAD

- ❖ Die 2019-kongres sal op 18 en 19 Oktober by die Vlootmuseum in Simonstad plaasvind. Die tema is "Water". Almal is welkom om 'n referaat in te stuur. Daar sal 'n oop sessie ook wees waartydens ander onderwerpe aangebied word. Vir meer inligting kontak gerus vir Celeste Rossouw by celrossouw@gmail.com.
- ❖ Beskikbare uitgawes van die *Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* is te koop. Die koste beloop R50 per tydskrif (posgeld uitgesluit). Kontak Petra Luus by petra@es.org.za.
- ❖ Daar is 'n paar uitgawes van die *Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* wat in die argief van die Vereniging ontbreek. As enigeen nog van die tydskrifte het, sal ons dit waardeer as julle dit sal skenk. Hulle is:
 - 1984 Vol 1 No 1
 - 1987 Vol 1 No 2
 - 1988 Vol 2 No 3
 - 1996 Vol 10 No 1
 - 2000 Vol 14 No 2
 - 2001 Vol 15 No 1
 - 2006 Vol 20 No 2
 - 2016 Vol 30 No 1
- ❖ Die Vereniging kry twee nuwe graad 2- geakkrediteerde lede by. Baie geluk aan dr. Okkie Stander van George en me Wanda Verster van die Universiteit van die Vrystaat.
- ❖ Prof Matilda Burden van die Universiteit van Stellenbosch is onlangs met twee toekennings vereer. In Oktober 2018 het sy die eretoekening "e'Bosch Heritage Project of Stellenbosch" ontvang en op 15 Februarie 2019 is sy deur haar alma mater, Hoërskool Outeniqua, vereer. Beide toekennings is aan haar gegee as erkenning vir haar uitstekende aandeel in die vooruitgang en bewaring van Suid-Afrikaanse kultuur en erfenis, asook vir haar leidende rol in talle kultuur- en bewaringsorganisasies en op provinsiale en nasionale statutêre rade. Prof Anton van Vollenhoven, Voorsitter van die SAVK, skryf: "Namens die raad wil ek hiermee die SAVK se hartlike gelukwense aan professor Burden oordra vir die eer wat haar te beurt geval het. Ons is saam met haar trots en verheug dat sy hierdie erkenning kry. As Vereniging is ons trots daarop om haar as lid te te kan tel."

Vakante portefeulje: SAVK Webwerf

Ons Raadslid vir die webwerf (bemarking) het onlangs bedank vanweë ander verpligtinge. Baie dankie aan Petria de Vaal-Senekal vir die afgelope twee jaar se werk.

Dit beteken dat ons iemand soek om die portefeulje te vul. In hoofsaak behels dit die volgende:

- Skakeling met ander raadslede om inligting vir die webwerf te bekom
- Skakeling met die webmeester (Vanilla) en die deurgee van dokumentasie om op die webwerf te plaas.

- Gereëde nagaan van die webwerf om seker te maak die dokumente daarop is op datum en dat die skakels funksioneer
- Deurgee van inligting aan die Raad tov enige aspek wat die webwerf en bemarking raak
- Moontlik hulp met bemarking van kongresse

Belangstellendes kan die voorsitter kontak by antonv@archaetnos.co.za.

Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis / South African Journal of Cultural History

Die redaksie is tans besig met artikels wat die potensiaal het om ingesluit te word in die Julie-uitgawe 2019. Die Desember 2018-uitgawe behoort lede eersdaags te bereik. Ongelukkig was 'n laat druk en die versending daarvan (eers in Maart 2019) deels onvermydelik. My verskoning daarvoor aan u. Onder meer was dit as gevolg van 'n skrale artikeloes wat verder nog blootgestel is aan 'n intensiewe keuringsproses (drie keurders per artikel word gebruik). Hierdie proses is bepalend ten opsigte van hoeveel artikels as suksesvol vir 'n uitgawe gekeur kan word. Ons Tydskrif geniet geakkrediteerde status by die Departement van Hoër Onderwys, so dus is dit belangrik dat ons kwaliteitgedrewe is en bly.

Ons wil egter 'n ernstige versoek en oproep aan ons lede rig om asseblief hand aan die spreekwoordelike ploeg te slaan, en u navorsing in geskrewe artikelvorm vir die Tydskrif aan te bied. Daar was byvoorbeeld wonderlike konferensiebydraes die afgelope aantal jare, wat werklik aan 'n wyer gehoor beskikbaar gestel behoort te word. Op hierdie wyse kan ons ook die karakter van ons tydskrif wat op kultuurgeskiedenis fokus, versterk. Dit is natuurlik 'n vereiste dat u die riglyne volg vir die skryf van 'n artikel soos in die jongste 2018-publikasies. Sou dit gebeur dat u kommentaar ontvang van die keurders, wat beteken dat u artikel eers in 'n latere uitgawe kan verskyn, moet u dit bloot beskou as 'n proses om uitnemendheid na te streef. Die proses van eweknie-beoordeling word uiteindelik 'n wonderlike leerskool wat tot groei lei. Onthou ook dat beoordeling anoniem is. Ek moedig u dus, namens die Redaksie, aan om u navorsingsartikel aan my te stuur by Elize.vanEeden@nwu.ac.za. Moedig asb nie-lede aan om hulle navorsing aan te bied!

The editors are currently busy with articles that might fill the July issue of 2019. The December 2018 issue should reach members soon. Unfortunately a late print and its despatch (only in March 2019) was partly inevitable, and I apologise for this. Among other things, it was due to a scant article harvest that was further exposed to an intensive selection process (three reviewers per article). This review process determines the number of articles eligible for publication. Our Journal enjoys accredited status at the Department of Higher Education, so it is important that we are quality-driven, and not simply publish what we receive at random.

Our request and call to our members is to please consider submitting your research articles to the Journal. There were exceptional papers presented at the last few conferences, which need to be brought to a wider audience. This will also enhance the character of the journal in its focus on cultural history. It is, of course, a requirement that you follow the author guidelines as provided in the latest 2018 publications. Though reviewers might request further clarity before publication is possible, you should see such a delay as an effort to ensure excellence. The process of peer review also gives an opportunity for growth. Remember that articles are reviewed anonymously. I therefore encourage you to please send your research articles to Elize.vanEeden@nwu.ac.za Please also encourage other non-members to do so!

CONTENTS/INDOUDSOPGAWE

Editorial/Redaksioneel

Letting the tape run: The creation and preservation of the Hidden Years Music Archive

Lizabé Lambrechts

Towards collective remembering: Monuments in honour of warrior kings of the wars of resistance against colonialism and imperialism in Limpopo Province

Mahunele Thotse

Reading Sol Plaatje in Kimberley: A South African author museum

Dana Ryan Lande

Een vaderland. Gideon Fagan's oratorio of peace

Winfried Lüdemann

Constructing the history of the Strandloper and Khoi-Khoi: Hjalmar Thesen's historical trilogy

Frederick Hale

BOOK REVIEWS/BOEKRESENSIES

Sidney Mears Miller

A frontier town: Schoemansdal or Zoutpansbergdorp the forgotten Boer town. 1848-1867

Gerda Coetzee

Petrovna Metelkamp

Ingrid Jonker 'n biografie

Astrid Schwenke

Con de Wet, Leon Hattingh & Jan Visagie (Eds.)

Die VOC aan die Kaap, 1652-1795

Linda Raath

SD van der Merwe

On record – popular Afrikaans music and society 1900-2017

Estelle Pretorius

OBITUARY/HULDEBLYK

PROFESSOR OJO (KOBUS) FERREIRA

Stigterlid van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Kultuurgeskiedenis en eerste redakteur van die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis/
Founding member of the South African Society for Cultural History and first editor of the South African Journal of Cultural History

L Changuion



South African Journal of Cultural History

Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis



Volume 32 (Number 2) December 2018

Jaargang 32 (Deel 2) Desember 2018

MUSEUM- EN ERFENISNUUS

KWAZULU-NATAL AMAFA & RESEARCH INSTITUTE

NOTICE OF NAME CHANGE AND NEW LEGISLATION

Amafa aKwaZulu-Natali / Heritage KwaZulu-Natal / Erfenis KwaZulu-Natal has undergone a name change to KwaZulu-Natal Amafa & Research Institute since the promulgation of the KwaZulu-Natal Amafa and Research Institute Act No. 5 of 2018 that was assented to on the 21st of November 2018. Act No. 5 of 2018 replaces the Amafa KwaZulu-Natal Heritage Act No. 4 of 2008. The entity will now be referred to as The Institute instead of Amafa.

THE INSTITUTE'S ROCK ART CUSTODIAN PROGRAMME

KwaZulu-Natal Amafa & Research Institute is responsible for protecting and managing rock art sites for both present and future generations. Section 40 (1-6) of the KwaZulu-Natal Amafa & Research Institute Act No. 5 of 2018 allows for the establishment of the Institute's Rock Art Access and Rock Art Custodian Policies.

Since there is no way to enforce legislation by policing all rock art sites in the province of KwaZulu-Natal, consisting of more than 1 200 sites, the concept of a Rock Art Custodian has been devised. This concept will ensure that all visitors to rock art sites are informed about the codes of behaviour, designed to protect these rock art sites and their natural surroundings from damage and destruction. Any person accessing an officially open or public rock art site in KwaZulu-Natal must be accompanied by an Institute-accredited Rock Art Custodian. Visitors who require access to rock art sites that are not officially open tourism destinations for media or research purposes, must also apply for a letter of

consent from the Institute. One of the conditions will be that the applicant must be accompanied by an Institute-accredited custodian.

Custodians include Tourism KwaZulu-Natal Guides who are accredited with CATHSSETA¹ as well as local people living adjacent to rock art sites, who are not accredited with the former, but are also trained to become Institute-accredited Rock Art Custodians. While the guides' main function is to interpret rock art sites and to inform visitors about the code of conduct at rock art sites, the custodians' role is only linked to the long term conservation of the site and informing visitors on the code of conduct at rock art sites.

Training consists of theoretical presentations, movies and tests on a number of themes including long term rock art conservation strategies, human and natural impacts on the art and how to prevent or limit them, living heritage values and cultural significance of the art as well as procedures when taking visitors to rock art sites. Map-reading skills and procedures to survey for undocumented rock art sites, likewise receives attention. Custodians are also trained to complete monthly monitoring forms and to apply preventative care at rock art sites.

The rationale for the Rock Art Custodian Programme stems from the fact that visitors who disregard the code of conduct cause the majority of damage to rock art sites. For example, when people touch the paintings, oil and fat from their hands come in contact with the art. This action results in chemical deterioration of the pigments. Visitors also tend to wet the art in an attempt to enhance the image for photography². The effect of this action is only visible once the weather is dry and the liquid evaporates, leaving behind an accretion of silica, salt and other minerals that cause chemical weathering. Even activities like creating dust, which settles over the paintings, cause chemical corrosion. Unfortunately some visitors also purposefully vandalise rock art. For these reasons, the Institute has developed the Rock Art Custodian Programme.

This programme combines the dissemination of skills and economic empowerment of local communities and ensures the conservation of rock art sites. This is done in line with sustainable usage of rock art sites, without negatively impacting the rock art's cultural and research significance. At present the Institute has trained more than 80 rock art custodians.

By Celeste Rossouw

DIE ERFNISSTIGTING

Die Erfenisstigting vertel ons meer van hul interessante werk die afgelope tyd:

Ons het die jaar goed begin met die bekendstelling van 'n nuwe resepteboek, *-Deur Dik en Dun: Lekker Kos en Stories uit Ou Pretoria*, en die samestelling van 'n Voortrekkermonument-gedenkboek. Die gedenkboek is saamgestel vir die tagtigjarige herdenking van die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument wat verlede jaar gevier is. Bronne sluit historiese dokumente in wat in die Erfenisstigting Argief bewaar word, kontemporêre openbare inligting, kuns en aandenkings van die vroeë 1930's tot 2018. Die koste is R150 en dit kan bestel word by Hannelie by winkel@es.org.za


¹ CATHSSETA is an acronym for the Culture, Arts, Tourism, Hospitality, Sports Sector Educational and Training Authority.

² It is best to take photos either early morning or late afternoon to prevent the sun from shining directly on the paintings. A book or any object giving shade can also be used to block the sun, when the photo is taken.



Die eerste EBB-voorsittersforum was 'n reuse-sukses. Die eerste Voorsittersforum is op 15 Maart in Pretoria gehou, en ons was verras dat 13 verteenwoordigers van EBB-komitees van oor die hele land dit bygewoon het. Daar was selfs twee lede van die EBB-komitee van Alexandria in die Oos-Kaap! Tydens die werkswinkel het die besoekers meer geleer oor die werksaamhede van die Erfenisstigting, erfeniswetgewing, navorsing en die argief. Lede het ook terugvoer gegee oor die komitees se projekte, en almal het dit geniet om mekaar te ontmoet en idees uit te ruil. Die volgende werkswinkel by Drakensville in die Drakensberg word beplan vir 7 Junie 2019. Belangstellendes kan navraag doen by Riana Mulder: museum@es.org.za.

Francois Langerman (ES) het KwaZulu-Natal in Maart besoek om instandhoudingswerk aan ES-terreine te doen. Die grafte by O'Neill se Kothuis en die Bloukransmonument is skoongemaak en algemene herstelwerk is gedoen. Mnr. Johan Outram (ATKV Drakensville), wat deel van ons EBB-netwerk is, en vier gidse het met die skoonmaakwerk by Kerkenberg en die Kaalvoetvrou-beeld gehelp. Ons is baie dankbaar vir hulle hulp!



O'Neill se Kothuis



Vrywilligers help met die skoonmaak van die Kaalvoetvrou-terrein

DIE VOORTREKKERMONUMENT

Die Voortrekkermonument deel die volgende nuus:

Ongeveer 10 000 mense het verlede jaar op 16 Desember hulle trotseert om die Geloftediens by te woon. Die Monument het op 1 Maart afskeid geneem van Etta Judson, wat 12 jaar lank aan diens by die Monument was. Sy het as museumkurator afgetree.

Die Monument se Opvoedkundige Dienste bied verskeie toere aan met die pionierstydperk as tema. Pakkette sluit tradisionele aktiwiteite soos broodbak, die maal van koffiebone, sakresies, toutrek en die afvuur van ons kanon Susanna in. Vir meer inligting oor hierdie pakkette, kontak asb vir Christo Rabie by christo@vtm.org.za.

Die Dameskring van Suid-Afrika het 'n behoefte om 'n Nasionale biddag vir gesinne aan te kondig. Dit sal plaasvind op Sondag 19 Mei 2019. Hulle is van mening dat dit wonderlik sal wees as almal in Suid-Afrika saam met hulle kan hande vat op hierdie dag. Gemeentes kan eie inisiatief gebruik hoe hulle dit wil doen. Die Dameskring glo dat as families weer saam begin bid, daar heling sal kom.

Die Monument se jaarkalender vir 2019 sien soos volg daaruit. Neem kennis dat dit onderhewig aan veranderings is. Vir meer oor waar die gebeure plaasvind en kontakbesonderhede, besoek gerus ons webtuiste.

25 April	Opening van die Funda Ontdekkingsentrum
1 Mei	Militêre- & Geskiedenisfees
30 Mei	VTM Nagtoer in Sotho
17 Junie	Antiek- & Versamelaarsmark
20 Julie	Springbok Vasbyt-wedloop
23 Julie	VTM Gholfdag
9 Augustus	Antiek- & Versamelaarsmark
24 Augustus	Monumentale Cantus Koorfees
29 Augustus	VTM Nagtoer in Afrikaans
21 September	Erfenisfees
24 September	Antiek- & Versamelaarsmark
24 September	Braaidag
4 Oktober	VTM Nagtoer in Zulu
11-12 Oktober	"The Armed Man" simfonie-opvoering
2 November	Antiek- & Versamelaarsmark
23 November	Jaarlikse VTM-wedloop
28 November	VTM Nagtoer in Afrikaans
16 Desember	Geloftediens

Voortrekkermonument

MILTIERE FEES

09:00 tot 15:00

1 MEI

- Boeke
- Wapens
- Helikoptervertoning
- Uitstallings
- Nabootsers
- Uitrusting

Toegang: R40 per voertuig

Veilige parking

Navrae: 012 326 6770 of bemarking@vtm.org.za

RESENSIE



Deur dik en dun: Lekker kos en stories uit ou Pretoria

Outeur: Riana Mulder

Uitgewer: Die Erfenisstigting

Prikkel jou sintuie in ou Pretoria.

Kyk jy by jou karvenster uit wanneer jy deur die Daspoorttonnel ry, vir die Fontainesirkel se verkeerslig wag, of vir parking by 'n besige

Pretoriase winkelsentrum soek, kan jy jou glad nie die nedersetting indink wat byna 200 gelede soos 'n skoon skilderdoek hier gelê het nie. Die eerste inwoners was dik gelap en dun gesaai. In *Deur dik en dun* ontmoet jy die mense wat die fondament vir vandag se polsende Pretoria gelê het, en hoe hulle dit gedoen het.

Die boek neem 'n mens op 'n voëlvlug van die Pretoria van ouds – oor die Kashanberge in die

vroeë 19de eeu in die tyd van die Difaqane, verby die Apiesrivier, tot by Kerkplein se eerste kerkie met sy omringende hartbeeshuisies en reuse doringbome. Jy sweef oor baie water en mooi tuine, oor kroë en bakkerie. Jy sien verjaarsdagvieringe, krieketwedstryde, musiekaande en pieknieks en leer só heelwat meer oor die leefwyse van vroeër jare.

Burgerspark en die Melrosehuis verskyn deftig op die toneel, terwyl Marabastad aan die anderkant van die dorp ook staanplek kry. Jy sien hoe die eerste trein Pretoria binnestoom en verwonder jou aan die Bloutrein se weelde. Jy bewonder die Irene-plaas se lower, maak 'n draai by die dieretuin en vertoef natuurlik 'n wyle by die Uniegebou. Britse besetting en dreigende oorlog gooi 'n skadu oor die mooi prentjie, maar oorheers nie die boek nie.

Daar word oor sendelinge en jagters vertel, oor Voortrekkers en pioniers. Bekendes soos Robbert Moffat en Mzilikazi, C Louis Leipoldt, Jeppe, Paul Kruger, Skinner, Eugène Marias, Nellmapius en die Britse koningsgesin vertolk hul eie ererolle in die stad se lewensverhaal, maar word goed afgewissel met minder bekende stories en staaltjies oor gewone mense, soos veldkornet Andries van der Walt en Lang Piet Marais. Interessante karakters van Engelse, Duitse en Nederlandse afkoms het ook vir sports gesorg en 'n mens lag lekker oor dié gebeure, waarvoor jy nie in die algemene geskiedenisboeke sal lees nie.

Benewens die 226 bladsye vol feite en stories uit Pretoria se geskiedenis, bevat die boek ook 'koskassies' wat elke stukkie geskiedenis met kos verbind, en 92 resepte – oud én modern – wat op die geskiedenis gebaseer is. Dit is pragtig op glanspapier uitgelê met oorvloedige foto's wat die verhale en resepte uitstekend uitbeeld.


Daar is Matabele-resepte, wildsresepte, kos uit elke era met beskrywings van hoe dit gemaak en geëet is. Daar is Joodse en Indiese resepte wanneer oor Sammy Marks en Marabastad vertel word en natuurlik boerekosresepte te kies en te keur. Pap, wors, boerebrood en konfy, biltong en beskuit word in kleur en geur beskryf. Watter Afrikaner-resepteboek is volledig sonder roosterkoek, vetkoek, pannekoek en pampoenkoekies? 'n Mens ruik sommer die vars piesangbrood en sien voor jou geestesog hoe dit tydens 'n piekniek by die Fonteinte stukkie vir stukkie met 'n beker boetroos afgesluk word. Dié boek is 'n plesier vir die sintuie.

Met my mond wat knaend water, het my hande behoorlik begin jeuk om 'n paar resepte te beproef. Ek het op drie besluit – gebakte vla, moderne mosbolletjies en Hollandse spekulaas. Elke eksperiment was 'n smaaklike sukses en ek was veral beïndruk met die spekulaas – dis werklik 'n wenner!

Hoewel die resepte 'n aanwinst is, onderskei die sappige stories wat *Deur dik en dun* vertel word dié boek van ander. Jy kan as't ware sê die goed nagevorste vertellings is die hoofgereg en die resepte die bykosse. Die foto's is nagereg, sodat die leser versadig en tevrede van dié tafel kan opstaan. *Deur dik en dun* is 'n versamelstuk vir geskiedenisliefhebbers en Pretorianers in hart en siel. Die sketse en ou foto's van Pretoria en die omgewing is werklik waardevol en gee konteks aan die stories – al wat kortkom is 'n klankbaan om die ervaring te vervolmaak!

Geskryf deur: Petronel Fourie
Verskyn in: *Flink Afrikaans* Februarie 2019

Hierdie uitgawe van die *Sonnerad* is saamgestel en versorg deur Petra Luus.
Taalversorgers: Estelle Pretorius (Afrikaans)
Annie Antonites (Engels)

<p>Die Sekretaris SA Vereniging vir Kultuurgeskiedenis Posbus 11403 Hatfield 0028, RSA petra@es.org.za</p>	 The coat of arms features a central shield with a sunburst design, topped by a crown and flanked by two figures. A banner at the bottom contains the motto "SERVARIUS ET CREANDUS".	<p>The Secretary SA Society for Cultural History PO Box 11403 Hatfield 0028, RSA petra@es.org.za</p>
---	---	---